# Laerskool Eligwa

16 September 2024

Nuusbrief Nr. 12 van 2024

Geagte Ouers / Voogde

Graag bring ek die volgende sake onder u aandag:

**1. <u>AKADEMIE</u>**

U kind sal sy / haar vorderingsverslag Vrydag ontvang tussen 07:00 en 07:30. Ons amptelike Ouermiddag is op Dinsdag, 8 Oktober 2024 **vanaf 14:00 tot 16:00.** Slegs leerders van Gr.1– 7 wat briewe ontvang se ouers word uitgenooi na die ouermiddag. Ons versoek u vriendelik om by bogenoemde tye te hou. Ons doen 'n vriendelike beroep op ouers om by die punt te bly en u kind se leerprobleme met sy / haar onderwyser te kom bespreek.

**2. <u>PERSONEELSAKE</u>**

Dit is met groot hartseer dat ons moet afskeid neem van Mev. Antoinette Nienaber wat verhuis na Vryburg. Ons wil vir haar baie dankie sê vir die onbaatsugtige diens wat sy vir die skool en die gemeenskap gelewer het. Ons wens vir haar 'n wonderlike toekoms toe en bid God se seën oor haar uit. Baie geluk aan Mev. Michelle Roux met haar aanstelling as Departementshoof. Baie sterkte met die nuwe uitdaging.

**3. <u>BEGROTINGSVERGADERING</u>**

Op Woensdag, 9 Oktober 2024, sal daar 'n begrotingsvergadering ten opsigte van 2025 se begroting plaasvind. Die vergadering sal om 17:30 'n aanvang neem. U teenwoordigheid sal baie waardeer word.

**4. <u>RUGBYRAAI</u>**

Daar was 7 korrekte inskrywings gewees en 'n gelukstrekking is gehou. Baie geluk aan Gerhard Strauss wat die groot prys gewen het. Geniet die verblyf by die Emerald River Resort. Dankie aan almal se ondersteuning.

**5. <u>GROEPFOTO'S – Gr. RR tot Gr. 3</u>**

Ons beplan om op Dinsdag, 15 Oktober 2024, groepfoto's te neem van al die sportsoorte en kultuuraktiwiteite van Gr. RR tot Gr. 3. Dit is kontant met bestelling en u het tyd tot 11 Oktober 2024. Die kostes beloop R40 per foto. Daar sal dus foto's van die volgende groepe geneem word:

1. Mini-netbal en mini-rugby. (In sportdrag)
2. Skaak. (In skooldrag)
3. Mini-krieket en mini-hokkie. (In sportdrag)
4. Kultuur. (In skooldrag)
5. "Cheerleaders"
6. Provinsiale kleure (skaak, atletiek)

6. **KUNSFEES**

Ons het pas ons deelname aan die Kunsfeeskompetisie afgehandel. Ons het ongeveer 260 Individuele inskrywings gehad wat as volg presteer het: A++ 113, A+ 91, A 49 en B+ 1. Geluk aan elke kind, ouer en afrigter vir al u moeite en ondersteuning. Ons is trots op die prestasies.

7. **MNR EN MEJ ELIGWA**

Ons gaan hierdie jaar weer 'n Mnr. en Mej. Eligwa aanbied. U het reeds al die inligting ontvang. Die finaal sal plaasvind op Dinsdag,22 Oktober (Juniors) en Woensdag, 23 Oktober (Seniors). Kaartjies kos R50 per stoel en is in die kantoor beskikbaar.

8. **GROEPFOTO'S – Gr. 4 tot 7**

Ons beplan om op Woensdag, 16 Oktober 2024, groepfoto's te neem van al die sportsoorte en Kultuuraktiwiteite van Gr. 4 tot Gr. 7. Dit is kontant met bestelling en u het tyd tot 11 Oktober 2024. Die kostes beloop R40 per foto. Daar sal dus foto's van die volgende groepe geneem word:

1. Krieket en hokkie. (In sportdrag)
2. Rugby en netbal. (In sportdrag)
3. Atletiek - Sedibengspan. (Provinsiale klere)
4. Prefekte, skolierpatrollie, diensleiers , snoepieleiers , CSV-leiers, redaksiespan en klankleiers (in skooldrag)
5. D8 hokkie – in D8 sweetpakke.
6. Provinsiale rugby.
7. Redenaars (In volle skooldrag soos hulle deelgeneem het)
8. Kultuur (In skooldrag)

9. **OLIMPIADES**

Ons leerlinge het deelgeneem aan die distrik se Olimpiades.
Gr. 6 – Thomas Floor behaal 'n eerste plek in Wiskunde en Afrikaans.
Gr. 6 – Avery Gorrie behaal 'n eerste plek in Engels.
Gr. 3 – Esmari Theron behaal 'n 2de plek vir Afrikaans lees.
Thomas dring deur na die Provinsiale kompetisie vir Wiskunde waar hy 'n tweede plek behaal.
Ons is voorwaar trots op julle.

10. **WALTONS**

Covid-19 het baie dinge verander – ook ons jaarlikse Waltons skryfbehoefte bokse wat ons jaarliks gedoen het om dit vir ons ouers makliker te maak. Daar was verskeie versoeke van ons ouers om weer daarmee te begin. Ons gaan hierdie jaar slegs met die Juniors (Huidige Gr. RR tot Gr. 2) begin en dit van volgende jaar af uitbrei na die seniors. Graad RR tot 2 leerders gaan dus 'n lys ontvang wat u kind benodig vir die volgende akademiese jaar. Dit is werklik kwaliteitprodukte. Hoe gaan dit werk: U neem die bestelvorm en merk af wat u benodig. U kan slegs 'n EFT betaling doen. Die bankbesonderhede is op die bestelvorm. Waltons verpak u bestelling in 'n netjiese boks en u kom haal dit by die skool af. U hoef dus nie van winkel tot winkel te stap om u aankope te doen nie. **Let wel:Hierdie is 'n gratis diens wat aan u gelewer word om u tyd te bespaar en seker te maak u kind het al sy benodighede vir 2025.** Die bestelvorms met bewys van betaling moet voor of op 4 Oktober 2024 terug wees by die skool en u kan u boks by die skool kom afhaal op 7 November 2024 tussen 12:00 en 14:00. Indien u ander kinders in die skool het, is u welkom om vir hulle ook te bestel. Waltons sal op 7 November 2024 self by die skool wees om die boks vir u te oorhandig. Alternatiewelik kan u ook vir Waltons op 7 November 2024 – kontant of met 'n kaart betaal. (Hulle sal kaartfasiliteite beskikbaar hê) Bestelvorm is in u kind se besit.

**11. <u>SKOOLSLUITING</u>**

Die skool sluit Vrydag, 20 September 2024 en heropen weer op Dinsdag, 1 Oktober 2024. ‘n Aangename rustyd saam met u kinders word u almal toegewens. Neem asseblief kennis dat die finansiële kantoor gesluit sal wees op Vrydag, 20 September 2024.

Groete

**BD BOSHOFF**
**HOOF**

*H/v Conan Doyle en Lion Cachet Strate ● ✉ 11 ● VANDERBIJLPARK ● 1900 ● ☎ (016) 933-4774 ● E-pos: eligwa@mweb.co.za*

*“Waar leerders gelukkige en geborge, geletterd en gesyferd raak”*